higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3

(1102093)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

294Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die visie vir vervoer in Suid-Afrika is om veilige, betroubare, doeltreffende en ten volle geïntegreerde vervoerbedrywighede en infrastruktuur te verskaf, wat die beste aan vragvervoer- en passasierskliënte se behoeftes sal voldoen.

1.2 Die Nasionale Departement van Vervoer (NDoT) is die hartklop van Suid-Afrika se ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling.

1.3 Die doel van die Padongelukvoordeelskema is om op kort termyn aan ernstig beseerdes te voorsien.

1.4 Kunsmis en sement is voorbeelde van mynbouprodukte.

1.5 Mense wat smokkel, impliseer die verkryging, vir finansiële of materiële gewin, van onwettige toegang tot ’n staat waarvan daardie persoon volgens die Internasionale Kriminele Polisiekommissie (Interpol) nie ’n burger of ’n permanente inwoner is nie.

1.6 ACSA se funksies word deur die Lughawemaatskappywet no 11, 1993 bepaal, en behels die verkryging, stigting, ontwikkeling, voorsiening, instandhouding, bestuur, beheer of bedryf van enige lughawe, fasiliteit of diens en enige ander wettige aktiwiteit.

1.7 Die Oorgrenspadvervoeragentskap is ’n private entiteit.

1.8 Passasiersvervoer is ’n generiese term wat die beweging van goedere deur enige reismetode omskryf.

1.9 Die rol van die tribunaal is om enige geskille en appèlle te hanteer wat in die bus- en taxibedryf voorkom.

1.10 Die voorsitter van die Vervoerappèltribunaal (TAT) moet die appellant toelaat om hul saak eerste voor te lê.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die afkorting PBP ('PrDP') staan vir …

A professionele regte-bestuursprogram.
B publieke pad-bestuurspermit.
C professionele ontwikkelingspermit.
D professionele bestuurspermit.

2.2 Lugvervoer is die geskikste om … te vervoer.

A goedere in vraghouers
B goedere met hoë waarde
C goedere van huis tot huis
D Geen van die bogenoemde nie

2.3 Watter van die volgende is die aspek van ATNS wat met navigasiestruktuur verband hou?

A Voorsiening
B Wins
C Reklame
D Kommunikasie

2.4 … is ’n praktiese gids tot die implementering van beleid.

A Plagiaat
B Verkryging
C Ondersoek
D Beplanning

2.5 Markmislukking ontstaan wanneer kompetisie …

A hoogs gepromoveer word.
B uitvoerbaar is.
C nie uitvoerbaar is nie.
D Geen van die bogenoemde nie

2.6 Watter van die volgende is NIE die tribunaal se verantwoordelikheid nie?

A Om die verhoor van ’n appèl uit te stel
B Om die bates te bestuur
C Om die appèl van die hand te wys
D Om die plek van die verhoor te verander

2.7 Die afkorting KMMO's staan vir …

A klein, medium en mikro-omgewings.
B klein multimedia-ondernemings.
C klein, medium en mikro-ondernemings.
D klein media- en mikro-oprigtings.

2.8 Watter van die volgende is NIE 'n kommersiële seehawe in Suid-Afrika nie?

A Ngqura
B Mosselbaai
C Saldanha
D OR Tambo

2.9 Die hoofdoel van die Wet op die Nasionale Spoorwegveiligheidsreguleerder no 16 van 2002, is om:

A Veilige spoorwegbedrywighede te verskaf en bevorder
B Langtermyn- en lewensorg aan ernstig beseerdes te verskaf
C Omgewingsake te verseker
D Geen van die bogenoemde nie

2.10 Watter van die volgende is voorbeelde van droë grootmaatgoedere?

A Koper en staal
B Steenkool, chroomerts en suiker
C Ferro-allooi en ruyster
D Plantolies en vrugte

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Definieer die volgende terme:

3.1 *Motorkaping*

3.2 *Groenskrif*

3.3 *Staatsbesitmaatskappy*

3.4 *Monopolie*

3.5 *Regerings- of staatsagentskap*

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE sleutelelemente wat in die definisie van terrorisme beklemtoon word. (3)

4.2 Skryf VIER sinne wat beskryf hoe publiekepassasiersvervoeroperateurs op plaaslike, streeks- en internasionale vlak aan reisbehoeftes voldoen.
(4 × 2) (8)

4.3 Noem VIER probleme of uitdagings wat passasiers op publieke vervoer hoofsaaklik by stasies, busstasies en taxistaanplekke in die gesig staar. (4)

4.4 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

> Die Taxiherkapitaliseringsprogram (TRP) is oorspronklik deur die Nasionale Taxitaakspan (NTTT) aanbeveel as 'n strategie om die Suid-Afrikaanse kombi-taxibedryf (SACTI) in 'n nuwe taxibedryf te transformeer en reguleer.

[Bron: *Mashishi, 2010*]

4.4.1 Gee VYF primêre doelwitte wat die TRP in die Suid-Afrikaanse publiekevervoerstelsel moet integreer. (5)

4.4.2 Noem VYF uitdagings of bedreigings vir padveiligheid waaraan die regering moes aandag gee toe hulle met die TRP begin het.
(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Polisieminister Bheki Cele het die misdaadsyfers vir K1 2021/2022 gepubliseer, met 'n skerp styging in kapings wat aangemeld is. Die data toon dat swaar rooftogte soos motorkaping met 92,2% toegeneem het, in vergelyking met K1 2019. Motorkaping het met 13,1% toegeneem, in vergelyking met K1 2020.
>
> Die merkbaarste neiging kan gesien word in die impak van verskillende inperkingsvlakke, namate die land aan die einde van Maart 2020 (394 kapings) van 'n vlak 5-inperking na 'n vlak 3-inperking in Junie 2020 (1 379 kapings) beweeg het.
> 'n Soortgelyke neiging is omgekeerd gesien namate die land 'n hoë kapingsyfer tydens sy vlak 1-inperking in Mei 2021 (1 775 kapings) gehad het, na 'n daling tot 1 675 kapings namate die land weer in Junie 2021 na 'n vlak 3-inperking beweeg het.
>
> Die meeste motorkapingsgevalle is in Gauteng (2 704) aangemeld, gevolg deur KZN (820) en die Wes-Kaap (589). "Kapings is dikwels gewelddadig, en daar is gevalle waar mense as gyselaars aangehou word."

[Bron: *BusinessTech*]

5.1.1 Noem VYF gewelddadige misdade wat tydens kaping kan plaasvind. (5)

5.1.2 Gee DRIE redes hoekom motorkaping gepleeg word. (3 × 2) (6)

5.2 Noem VYF sekuriteitsaspekte wat die Transnet Nasionale Hawe-owerheid (TNPA) moet opgradeer. (5 × 2) (10)

5.3 Noem DRIE verantwoordelikhede van Padverkeerwetstoepassing, Kommunikasie, Onderwys en Opleiding. (3 × 2) (6)

5.4 Noem DRIE teikendienste wat die TNPA aan hawegebruikers bied. (3)

5.5 Beskryf VYF rolle en verantwoordelikhede van die Padongelukkefonds (RAF) wat sonder uitsondering sal verander met die implementering van die RABS. (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou